NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 17
8 Mei 2025

# God verstaan my taal

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Taalverplasing, taalverwisseling, taaltrou, onderwys-, wetenskap- en kanseltaal. Hierdie begrippe klink op die lippe van taalsosioloë, akademici en Jan Alleman. Vanjaar op 8 Mei met die 100-jarige viering van die toekenning van amptelike status aan Afrikaans is hierdie begrippe weer aan die orde van die dag. Ou vrae soos: *Waarom Afrikaans?* of *Waarom nie Afrikaans nie?* klink weer op.**

Sommige antwoorde tel en weeg soos JC Steyn al lankal in *Tuiste in eie taal* gedoen het. Hy sê dat *Eskimo* of eerder *Inuktitut* in Kanada ongeveer 40 000 sprekers het. Die *Yupik* in Alaska en Siberië het ongeveer 10 000 sprekers. En in Afrika met meer as 'n duisend tale het net ongeveer 40 van dié tale meer as 'n miljoen sprekers.

Volgens die nuutste data kan 10.3 miljoen mense in Suid-Afrika Afrikaans praat en vir 6.85 miljoen van hierdie mense is Afrikaans hul eerste taal. Hierdie *taaltjie* borrel oor die landsgrense na Namibië, Oostenryk en Rusland. Gemeet aan die aantal sprekers lyk dit of Afrikaans die mas kan opkom, maar getalle het nie die laaste sê nie.

Historiese magte en demografiese verskuiwings verander die lewe – dit skuur en knip nie net die geopolitieke ruimtes nie, maar ruk en pluk aan jou taalhuisie, waai dit selfs weg. Dan klink begrippe soos volksverhuising, emigrasie, kolonisering, taalversteuring, vermenging en 'n taal se dood op. In sulke omstandighede is dit 'n keuse om in Afrikaans te leef, lief te hê en te bid.

So sing Chris Chameleon in *Taal van die liefde*:

*...my hart het in my taal groot geword*
*daarsonder skiet my gevoel te kort*
*my leed en hoop in klank vervat*
*die melodie van haar woordeskat*

*en as ek droom*
*dan droom ek in my taal*
*en as ek saans voor ek gaan slaap*
*met my God praat dan praat ek in my taal*
*Hy verstaan...*

God verstaan, of soos Totius (dr JD du Toit) wat saam met dr HCM Fourie die eerste vertaling van die Bybel in Afrikaans ter hand geneem het, sê: *God buig ook in Afrikaans.* Hoe anders sal ons God leer ken as Hy nie na ons toe buig en in die begin sê: *Laat daar lig wees ... taal, wetenskap, tyd, kultuur, geskiedenis ...* En wanneer die Heilige Gees in Jerusalem uitgestort word, is naas die kosmiese, tale die gereedskap waardeur Jesus Christus se belofte gestalte kry.

Deur God se Woord, die vleesgeworde, verkondigde, verkondigende Woord, kry Afrikaans ook 'n nuwe doel. Dit dra, koester en roem die dade van ons Heer en so vorm Hy die taal waarmee ons die lewe vertaal. Nou ken ons begrippe soos: sonde, verlossing en dankbaarheid, genade, versoening en die koninkryk. Saam met die kerk kan ons ook die onsêbare probeer sê: *Ons glo in een God, ... en in een Heer, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye; God uit God, Lig uit Lig... en in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat ...*

**Dr Christo Pretorius**
**(Pretoria/Hervormde Teologiese Kollege)**

## Gelukkige Moedersdag

**Ons almal ken haar. Dit is jou ma wat jou winter ná winter in warm drukkies toegevou het en jou styf teen haar op koue Sondagoggende in die kerk getrek het. Dit is jou ma wat jou waardig en geliefd laat voel, selfs wanneer jy nie altyd só voel nie. En dit is definitief jou ma wat saam met jou op die laaste nippertjie 'n skooltaak probeer aanmekaarslaan waarvan jy die aand voor die tyd onthou het!**

Alhoewel sulke stukkies onthou besonderse herinneringe vir baie van ons inhou, is dit nie noodwendig elkeen van ons se ervaring met ons eie ma's nie. Tog ken ons haar steeds. Ons almal het wel só 'n ma-figuur in ons lewens. Iemand wat na jou omgesien het, hulself ontferm het oor jou, selfs al was dit nie hul verantwoordelikheid nie. Dit is dalk 'n tannie wat by die kerk tee skink en altyd inloer om te hoor hoe dit nog met jou studies gaan. Dit is jou ouma wat by elke geleentheid jou hand styf kom vashou en 'n geldjie in hom los. Dit is jou tannie wat saam met jou jou lewensmylpale vier asof jy haar eie kind is. Ons almal ken haar: die ma-figuur in ons lewens.

Hierdie komende Sondag vier ons julle. Ons vier jul sagmoedigheid, jul deernis, en jul oneindige en onvoorwaardelike liefde. Mag jy ook hierdie Moedersdag jou ma omvou met 'n warm drukkie en haar ook Sondagoggend in die kerk 'n bietjie nader trek. Maar mag ons ook terselfdertyd waardering en erkenning aan al die ma-figure in ons lewens bied. Ons almal weet wie dit is, ons almal ken haar…

**Ds Iwana Hartmann (Pretoria-Oos/NHKA-joernalis)**

## Lief en leed



Dr Daan van Wyk sr

- **Dr Daan van Wyk sr** (emeritus) is ernstig siek en is in hoësorg opgeneem. Ons bid saam met sy eggenote, Frieda, en hul gesin dat die Here hom veilig deur hierdie krisis sal dra.

- Ons het met leedwese verneem van die afsterwe van **dr Bessie Gericke**, eggenote van prof John Gericke (emeritus/Setlaars). Ons dra die familie in ons gebede op.

- **Die volgende predikante verjaar tot 16 Mei 2025, en word hartlik geluk gewens:**

  - Vrydag 9 Mei: Ds L (Leon) Geel (63) (Grimbeekpark)
  - Saterdag 10 Mei: Di FH (Frans) Ras (58) (Nigel), en GJW (Gert) van der Merwe (77) (emeritus)
  - Sondag 11 Mei: Dr JC (Christo) van der Merwe (76) (emeritus), en ds G (Guilliaume) Rocher (55) (Balfour/Heidelberg)
  - Dinsdag 13 Mei: Drr GC (Gerhard) Lindeque (64) (Bybelgenootskap/Makarios), en JJ (Koos) Prinsloo (79) (emeritus)
  - Woensdag 14 Mei: Di WJJ (Willem) Kok (65) (Potchefstroom), en PJ (Pieter) Uys (68) (emeritus)
  - Vrydag 16 Mei: Di EM (Liza) Jansen (36) (Witbank-Suid), en AC (André) Swanepoel (46) (Derde Kruis)

## Gemeentes en bediening

- Die samesmelting van **Gemeentes Pretoria en Wonderboom-Suid** vind Sondag 11 Mei om 09:00 by Gemeente Wonderboom-Suid plaas.

- **Bevestiging van ds CB Enslin:** Na byna 18 maande sonder 'n herder was dit 'n vreugdevolle dag toe **Gemeente Ebenhaeser** in Ellisras hul nuwe predikantspaar, ds Nardus en mev Yvette Enslin op **13 April** kon verwelkom en bevestig. Al die dank en eer kom ons Hemelse Vader toe. Die geleentheid is deur ds Bernard Prinsloo, konsulent van die gemeente, gelei. Dr Hennie

Hoepfner van die NG Gemeente Albertyn en ds Arno Nieuwhoff van die APK Gemeente Ellisras het die verwelkomingsgeleentheid bygewoon. Die geleentheid is afgesluit met heerlike eetgoed wat deur die NHSV van Gemeente Ebenhaeser voorgesit is.

Dit is die wense en gebede van Gemeente Ebenhaeser dat ds Enslin tydens sy verblyf baie vreugde in sy werk en die meelewendheid van die gemeente en die gemeenskap van Ellisras sal ervaar. God se seën vir u en u huis.




- **Gemeente Losberg** in Fochville is op 16 Mei ’n volle **100 jaar** oud. Die feesvieringe begin Sondag **18 Mei** met ’n **lofsangdiens** en word op die naweek van **30 Mei tot 1 Junie** voortgesit waartydens ons afskop met ons ***100 jaar van genade*-basaar**. Die basaar begin Vrydag 30 Mei om 09:00 tot 18:00 en gaan Saterdag 31 Mei van 08:00 tot 13:00 voort. Sondag **1 Junie** vier ons **nagmaal** om 09:30 waartydens groeteboodskappe en gelukwense oorgedra sal word. Ná afloop van die diens, sluit ons af met ’n ete en geleentheid om heerlik saam te kuier. Indien u (oud-predikante, oud-gemeentelede en belangstellendes) die geleentheid op Sondag 1 Junie 2025 wil bywoon, moet u asseblief **voor 14 Mei** vir **dr EB Marran** (082 444 1089) of **Sannietjie Boshoff** (072 361 2359) kontak.

- ***Kroon van Wonders – ‘n Pinksteroratorium*** vind op **29 Mei en 1 Junie by NG Universiteitsoord** plaas. Die teks vir *Kroon van Wonders* is saamgestel uit die Evangelies se opstandings- en hemelvaartverhale. Die uitvoering word aangebied deur die bekroonde Vox Chamber Choir van Pretoria, onder leiding van Franco Prinsloo, saam met ’n indrukwekkende ensemble van 26 strykers, vier koperblasers, ’n enkele fagot, orrel en perkussie. Kyk gerus ***hier*** na ’n onderhoud met Franco Prinsloo oor die oratorium. Meer inligting en besprekings is ***hier*** beskikbaar.

- U word hartlik uitgenooi na **die emeritaatsgeleentheid van ds Willem Breytenbach** (Hazyviev/Sabie/Witrivier) op Sondag **8 Junie** om 10:00 by Gemeente Witrivier. Daar is ’n ete na die diens. Kontak asseblief vir Henriette (079 492 4317) voor 30 Mei indien u dit wil bywoon.

- **Gemeente Centurion-Oos se 60ste bestaansjaar** (30 Junie) word met groot dankbaarheid en vreugde op **7 en 8 Junie** gevier.

  - **Saterdag 7 Junie**
    08:00: **Pretstap** (Ons parkeer by die kerk en word per bus vervoer na die roete en terug).
    08:00-13:00: **Feesmark** by die kerk. Heerlike eetgoed, uitstallers van verskeie produkte, geskenke en vermaak vir die jongspan.
    14:00-19:00: **Spitbraaikuier** vir die hele gesin. Kontak gerus vir Maryna by die kantoor om kaartjies te koop (012 664 2044 / 082 782 7102).

  - **Sondag 8 Junie**
    09:00: **Feesdiens** en nagmaal wat afgesluit word met koffie/tee en ’n eetdingetjie na die diens. Bevestig asseblief per e-pos (**kantoor@nhkcenturionoos.co.za**) indien u graag die geleentheid op Sondag 8 Junie wil bywoon.

- Met groot dankbaarheid en vreugde vier die **Gemeente Parys in 2025 haar 100ste bestaansjaar**. Dit is vir ons ’n besondere mylpaal en ’n geleentheid om die Here se seën oor die afgelope eeu te herdenk. Op **Saterdag 14 Junie** vind **’n spesiale funksie vanaf 15:00** plaas waartydens ons ’n gedenksteen sal lê. Alle lidmate, vorige lidmate en predikante word vriendelik uitgenooi om hierdie geleentheid by te woon. ’n Feeserediens word op **Sondag 15 Junie om 09:00** gehou waartydens ’n nagmaalsviering en ’n gemeente-ete sal plaasvind. **RSVP** voor of op **14 Mei** by 056 811 5026 of **parys@nhk.co.za**.

Die feeskomitee sal dit opreg waardeer indien daar enige foto's beskikbaar is soos:

- Doopfoto's.
- Troufoto's.
- Foto's van voorstelling en bevestiging van katkisante.
- Enige ander foto's wat betrekking het tot die feesvieringe.

Verskaf asseblief 'n kort beskrywing by elke foto asook datum indien moontlik. Stuur asseblief aan na **parys@nhk.co.za**.

## Vergaderings

- Vrydag 9 Mei — Moderamen
- Saterdag 10 Mei — NHSV Dagbestuur

## Kerklike en ander publikasies


NHKA | Die Hervormer

Kyk op!

- In die **Mei 2025-uitgawe van *Die Hervormer*** het ons joernalis, **ds Iwana Hartmann** by Gemeente Witfontein besoek gaan aflê. Hulle het haar meer oor hul unieke stortprojek vir haweloses vertel. Ds Iwana gee vir lesers 'n eerstehandse ervaring van dié projek. **Dr Johan van Staden**, redakteur, fokus in sy redakteursbrief op Afrikaans se 100-jarige herdenking. Aansluitend hierby fokus **ds Carel Johann de Bruin** se historiese almanak op die vete oor die gebruik van Afrikaans tydens ds Johannes GM Dreyer se nagmaalsdiens in 1925 op Roossenekal. **Dr Robert van Niekerk** help ons om die geheimsinnige boek Openbaring te verstaan. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.

## 'n Gedig

**'n Psalm vir my ma**

Ma, die woorde uit jou mond
is altyd soet – soos die fynste suiker,
soos heuning – elke gedagte uit jou hart.

Al swerf ek oor die hele aarde heen,
al sou ek elke huis en ruimte verken –
nêrens sal ek jou gelyke vind nie.

Want jy is soos 'n veldblom met geurige nektar
geurig is jy, soos heide – wat nimmer verwelk.

Jou stem is teer en klank net liefde –
soos sagte liefde klink dit as jy praat.

Ma, die woorde uit jou hart
is soet – soos fynbos heuning,
soos fyn wit suiker
is al die woorde uit jou mond.

**Carma Shaw**
Uit: www.ink.org.za/n-psalm-vir-my-ma/

## Fondsinsamelings

- Die **Pastorie Gastekamers** in Polokwane bied gerieflike **oornagfasiliteite** op pad na die Krugerwildtuin of ander bestemmings in Limpopo. Elke kamer het 'n privaatingang, binnehof en selfsorgfasiliteite. Kontak ds Henk of Trudie Joubert (082 561 3799) vir meer inligting. Loer gerus ***hier*** na ons Facebook-blad.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## SP Engelbrecht-museum

- Jy en jou metgesel/gesin word hartlik uitgenooi na die **piekniekdag** by die SP Engelbrecht-museum wat op **24 Mei om 16:00** begin. Die hoogtepunt is die **storie- en musiekvertoning**, DIE-anner-LEWE, aangebied deur Spookstorie Produksies, wat om 18:00 afskop. Bevestig jou bywoning deur 'n e-pos, met jou kontakbesonderhede, te stuur aan: **inligting@spookstories.co.za**.

## Toerusting

- **Die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA)** se **konferensie** vind op **12 tot 13 Augustus** by Gemeente Pretoria-Oos plaas. Hierdie jaar word Nicea 1700 gevier. Dit is belangrik dat kerke en akademici hierdie belangrike gebeure herdenk. Daarom word die bogenoemde konferensie beplan met die tema ***Skrif-Belydenis-Liturgie - Nadenke oor die Belydenis van Nicea****.*

  Die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA) in samewerking met die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria nooi u uit om 'n voorstel in te dien vir **'n akademiese bydrae** tydens die konferensie. Sprekers sluit in akademici van verskillende toonaangewende universiteite.

  **Tydlyn**
  - 31 Mei 2025: Opsomming word ingedien
  - 12 Julie 2025: Finale program word uitgestuur
  - Konferensie: 12 tot 13 Augustus 2025.

  Meer inligting oor die konferensie sal nader aan die tyd in *Blitspos* gepubliseer word. Vir enige verdere navrae kontak gerus die volgende persone: prof WA Dreyer (**wimdreyer@nhk.co.za**) of dr Antionette Janse van Rensburg (**antoejvr@gmail.com**).

### Barmhartigheid

- **Ons Tuis Andries Marié Oosthuizen** in Parys nooi alle gholfspelers uit na hul **Gholfdag op Vrydag 9 Mei** te Parys Golf & Country Estate. Elke 4-bal kan inskryf vir R2 400 met goeie pryse en 'n gelukkige trekking deur die dag. Vir besprekings en borgskappe, skakel asseblief vir Lizette 056 818 1567, Jan 082 421 1122 of Belia 084 580 6104.

- **TOIBO vra ons hulp:** Die winter kruip vinnig nader en ons weet met groot bekommernis dat **855 kinders met warm klere gehelp sal moet word** sodat hulle met warm lyfies kan skoolgaan. Ons weet tog almal dat geen kind bibberend van die koue kan konsentreer op skoolwerk nie. Kontak asseblief vir TOIBO (076 143 6961 of **info@toibo.org.za**) indien u kan help.

- **NHSV-uitbetalings – Mei 2025:** Alle NHSV-takke en vroulidmate word daaraan herinner dat die barmhartigheidsuitbetalings in Mei grootliks geoormerk word vir die ondersteuning aan bejaardes in nood. Die behoeftes vir barmhartigheid neem steeds toe en daarom is u

bydraes en hulp van onskatbare waarde. Die NHSV-Hoofbestuur maak opnuut staat op elke gemeente en NHSV-tak se oop hand én hart wanneer dit kom by hierdie belangrike saak.

Bejaardesorguitbetalings vind jaarliks plaas om tekorte by die OTMT Ons Tuis-tehuise aan te vul ten opsigte van behoeftige inwoners, instandhouding en bedryfsuitgawes. Bejaardesorgfondse word ook aangewend vir spesiale gevalle buite die Ons Tuis-groep om bejaardes landswyd te ondersteun met spesiale behoeftes en versorging.

Die NHSV-uitbetalings vir Mei per gemeente/NHSV-tak is as volg:
- Bejaardesorg: R1.00 per belydende lidmaat
- Inrigtingsfonds: R1.00 per belydende lidmaat
- Administrasiefonds: R350.00 per gemeente
- Borgfonds OTMT: R300.00

Die Administrasiefonds word gebruik om die toekennings van studielenings aan te vul, uitgawes rondom die NHSV-Nasionale Kongres, streekbyeenkomste en NHSV-Hoofbestuurvergaderings te befonds asook administratiewe uitgawes van die NHSV-kantoor onder andere versending van pakkies na NHSV-takke en gemeentes, aandenkings en drukwerk vir streekbyeenkomste, ensovoorts.

**Betaalstaat en inligting**

Die betaalstaat is beskikbaar op die NHSV-webwerf: **www.nhsv.org.za**. Alle betalings moet die NHSV-Hoofbestuur verkieslik teen 31 Mei bereik. Betalings moet vergesel wees van 'n NHSV-betaalstaat en kan oorbetaal word na die volgende bankrekening:

Naam van rekeninghouer: NHSV Hoofbestuur
Bank: ABSA
Rekeningnommer: 405 145 4181
Takkode: 632005
Verwysing: Gemeente/NHSV-tak se naam

Stuur asseblief onmiddellik na die betaling elektronies of per bankdeposito gedoen is, beide die NHSV-betaalstaat en bewys van betaling per e-pos aan die NHSV-kantoor by: **finansies@nhsv.org.za**. Kontak gerus die NHSV-kantoor 012 325 0117 of **admin@nhsv.org.za** vir meer inligting en hulp. Ons wil u by voorbaat bedank vir u liefdeswerk en barmhartigheid waar dit kom by die instansies wat deel vorm van die NHSV-Hoofbestuur se prioriteite.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. ’n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **taal@nhk.co.za**.



## Gebed vir die week

Here, ons bid vandag vir alle moeders, ma’s, oumas en moedersfigure.
Ons vier Moedersdag saam met hulle en al hul kinders en kleinkinders: biologies, aangeneem of geestelik.
Ons dank U vir wat hulle doen en vir hulle omgee – hulle is soos sout in ons lewens.
Hulle bring die beste geure in ons na vore.
Ons bid ook vandag vir almal wat hul ma’s, oumas en vrouens verloor het, asook alle enkelpa’s.
Maak ons ook bewus van almal wat nooit ’n ma of moederfiguur geken het nie en stuur ons om hulle te ondersteun.
Ja, Here, Moedersdag beteken vir ons elkeen iets anders en ons bid dat U by elke persoon sal wees en ons sal gebruik soos sout wat geur bring in die wêreld en genees, sodat almal die liefde kan ervaar wat hulle nodig het.

Amen.

www.dinkjeug.co.za/spesiale-gebed-vir-moedersdag/

Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Hartmann